

30 Augustus - PAASFEES/LAM

Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-13

Fokusgedeelte: Eksodus 12:13

Wanneer die Here die Paasfees in Egipte instel, is dit die maand Abib wat met nuwemaan teen die einde van Maart of die begin van April begin. Op daardie tydstip het die spanning tussen Egiptenaar en Israeliet hoog gestyg.

Dit bereik breekpunt wanneer Moses na afloop van die negende plaag aankondig dat die Here nog net een plaag oor Farao en Egipte sal bring; dus 'n finale slag. Daarna sal die uittog volg; die uittog uit die slawehuis van Egipte! Deur Moses kondig die Here aan dat Hy met volmaan op 14 Abib, omtrent middernag, dwarsdeur Egipte sal trek om alle manlike eersgeborenes, van hoog tot laag, dood te maak. 'n Vreeslike nag bedreig Egipte – en tog laat Farao die Israeliete nie trek nie!

En wat van Israel in daardie nag? Hulle word verskoon, maar nie soos by die vorige plaë sonder 'n geloofsdaad van hulle nie. Op die tiende Abib moes hulle 'n jaaroud rammetjie (wat maklik 30 kg kan uitslag) sonder gebrek uitsoek en afkamp tot die veertiende.

Gedurende dié vyf dae moes die Israeliete oor die betekenis van die lam besin. Teen die aand van die veertiende moes die lam geslag word en sy bloed met 'n bossie hisop aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte gevef word. As die Here dan deur Egipte trek en die bloed sien, sal Hy by daardie deur verbygaan. Vandaar die naam van dié jaarlikse fees: Pasga (Paasfees) beteken “verbygaan”.

Die Israeliete het dit gedoen. Dit was 'n geloofsdaad. Middernag het die Here al die eersgeborenes van die ongelowiges getref. Vorentoe moes hierdie nag plegtig onderhou word tot eer van die Here omdat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Die slag van die lam moes elke jaar in dieselfde maand herhaal word.

Ongeveer 1 300 jaar later vind 'n besonder betekenisvolle Pasga in Jerusalem plaas. In 'n bovertrek is Jesus en sy dissipels aan tafel. Iets buitengewoon gebeur. Die Pasga as herinnering aan die bloed van die paaslam en die uittog uit die slawehuis van Egipte kry daardie aand 'n nuwe betekenis. Hierdie fees was 'n heenwysing na die Lam van God wat die volk van God sou uitlei uit die slawehuis van die sonde.

Nou het die vervulling gekom: Jesus het Self die Paaslam geword! Wanneer Hy aan die kruis geslag word, voldoen Hy aan die geregtigheid van God. Met sy bloed was Hy sy uitverkorenes se sondes weg. God gaan 'n sondaar wat in Jesus Christus glo, verby – 'n uittog uit die slawehuis van die sonde!

Vandag nog word Paassondag bereken op die eerste Sondag ná die eerste volmaan wat volg op 21/22 Maart. Jaarliks vier ons dit.

Deel jy deur die geloof in die wassing met die bloed van die Lam?

Sing: Skrifberyming 8:1 (1936-beryming)

Ds JJ de Kock (Vaalharts)